

YUURVLAN EN VOORHAMER.

(Jer. 25:9 - 32)

Jer. 25 vs 29 - Is my woord nie so, soos 'n vuur, spreek die Here, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?

Geen mens sal kan bestaan onder 'n woord van die lewenige God wat gedurig net as vuur en voorhamer op hom neerbrand en op hom afkom nie. Is Gods Woord dan nie oneindig meer nie: is dit dan nie ook salf vir die wonde, water vir die dorstige lippe, vredeswoord vir die vermoede nie?

Ja seker, dit is die woord van die Here ook - en dit ontken Jeremia, die skrywer van die boek waaruit ons teks kom, nie. Want as daar een persoon is wie se gevohige gees en digterlike siel gesmag het na die troos en die teerheid van die Woord van God, dan was dit hy. Gebore uit 'n predikantskuis, opgegroei in stille schoonheid van die platteland, is hierdie godsmannen op baie jeugdige leeftyd tot diens van die Here geroep en het huis hierdie roeping hom op 'n eienaardige manier in Jerusalen laat beland. Teen sy eie natuur, teen sy persoonlike wense en begeertes word hy deur God geroope om van die skerpste cordele wat ons ooit uit die mond van 'n profeet verneem het, teen sy eie volk, Israel, uit te spreek. En hierdie optrede val saam met een van die grootste krisistye in die geskiedenis van Israel toe sy hele voortbestaan bedreig word. Keer op keer beleef Jeremia dat God deur sy woord beslag lê op sy hart en denke, dat God hom deur sieselfde woord aangryp en uitdaag, dat hierdie woord hom corweldig en verpletter sodat hy moet uitroep:

"Here, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir my en het oerwin; ek was 'n belagging die hele dag, almal seun spot met my. ..... En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dnik en in sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit fan my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente. En ek het my moeg gemeak om uit te hou, maar kon nie." (20: 7, 9).

So gaen dit in 'n mens se lewe wanneer Gods Woord vir hom 'n vuurvlam en voorhamer word!

Maar waarom gebruik Jeremia huis hierdie beelds om die werkking van Gods Woord aan te du? Is dit nie huis om omiskenbaar die tweeledige uitverkraging van hierdie Woord in die lewe van die mens af te teken nie: dat die Woord van God aan die een kant oëskynlik vernietig soos vuur en afbreuk soos 'n hamerslag - maar dat dit in wereldheid vernuue en opbou?

Dink aan u eie lewe: het u nie ook al ondervind hoe die Woord van God in ons persoonlike lewe inkom, ons aanspreek, ons tot verantwoording roep huis op dié vialke van onselewe wat ons soms so engvallig bedek of ontwyk? Huis dan kom die Woord tot ons in al sy skerpste soos 'n tresserydende swaard, dring dit deur tot die skeiding van siel en gees, beoordeel dit die oorlegginge en gedagtes van die hart en lê dit die diepste en nees verberge nootiewe van ons lewe bloot!

Dieselfde geld vir ons gemeenskapslewe: hoe gebruik God nie sy Woord gedurig om al ons mooi voorkomende kerklike vorme en gebruikte, al ons menslike sisteme en verhoudinge, ons sosiale groothede en gewoontes onder die vuurproef en die voorhamer van sy Woord te laat deurloop! Hoe breek God nie soms in een oomblik al die mure af wat ons mense deur die jare in eie krag en menslike wysheid moeisaam opgebou het nie! Hoe moet ons nie baiekeer ~~aan~~ met skaamte aanskou hoedat ons handwerk van hout, hooi en stoppels in rook opgaan as die vuur van Gods heiligeheid dit verteer nie!

God moet onsers breek voordat Hy kan bou.

Maar die teengeel is net so waar: dis juis hierdie selfde vuur wat al smeltende suwer, hierdie hamerslag wat al swaaiend <sup>al</sup> bou! Het u dit nie al in u persoonlike lewe ondervind nie: hoedat God in u 'n nuwe menseskep het, 'n nuwe hart gegehet, 'n nuwe visie en deadikrag bewerk het?

En in ons gemeenskapslewe: is dit nie juis die wonder en krag van die Woord dat dit gedurig versoen, herskap, vernuwe? Dat God vir elke gemeenskap, elke groep, elke volk en land sy Woordbied as die lig van hulle lewes, die hoop van hulle bestaan, die krag vir hulle stryd?

#### Teekanting deur Ontwyking.

Maar nou kry ons hierdie eiensardige verskynsel dat die mens, ook die Christemens, teoreties wel die Woord aanvaar (nee, hy verwerp dit nie openlik nie: dit sou darem te sleg lyk!) maar in die praktyk maak hy die Woord kragtelos op so baie maniere:

1. Deur te doen wat die vase profete in Jeremia se tyd gedoen het - om dievolk die vase verzekering te verkondig dat solank die tempel in hulle midde is, geen onheil of ramp hulle sou tref nie. Daarom roep hulle: Vrede, vrede! terwyl Jeremia waarsku dat dit geen ware vrede is nie. Is dit nie waar, geliefdes, dat ons ook baiekeer bang is om die Woord soos 'n vuur en 'n hamerslag te hanteer of te ontvang, omdat dit mense in opstand en verset bring, omdat dit dalk ons eie hande kan brand, ons <sup>die</sup> eie vingers raakbaar! En daarom roep ons ook in vase gerustheid: Vrede, vrede! in plaas van die basuingeskal te laat hoor: Onwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus val lig oor jou leue!

2. Of ons laat toe dat die Woord oorheers of vervang of omhul word deur die tradisie waardeur die skerpe en anykrag daarvan afgestomp word, die absoluteid daarvan ~~verwerp~~ word en die uitdaging daarvan verlore gaan. Vir hoe baie het kerkgaan, Bybellesen, latkisasie, doop hoofsaaklik of geheel en al tradisie geword! En is daar nie ook volkstradisies wat die eerlike toets van die Skrif nie kan deurstaan nie maar wat ons plaas langs of bo die Woord? ~~Die~~ Hoop oock die geroep en volksheid wat ons van dag so dikwels hoor nie gevraar en 'n gewoonte en onbetroubare Tradisie te word as dit nie gedusig

3. Of ons erken en aanvaar die Woord in teorie ~~of~~ vir Sondag, maar ons is onwillig of ongehoorsaam om die waarheid daarvan deur te trek tot in sy volle konsekwensies vir onslewe van Maandag tot Saterdag, vir ons denke en dade op elke terrein van onslewe. En sodra menne van God dielyn vreesloos begin deurtrek hoor ons die vase geroep opgaan: Die kerk moet hom <sup>net</sup> met geestelike dinge besighou!

*onderwerp word aan die waarheid van die Woord?*

Van Ontwyking tot Vernietiging.  
En van Vernietiging tot Verlossing.

Wat is nou die gevolge van sodanige ontwyking van die Woord? Vir 'n lang tyd kan 'n mens daarin slaag om die eis en die appéel van die Woord te ontduike: skynbaar doen dit jou geen skade nie, hinder dit jou gewoet nie, tref dit nie die diens van die kerk nie. Maar in werklikheid is 'n onsigbare proses van geestelike insinking, van morele verwording, van kerklike ~~verbrokkeling~~ aan die gang wat een of ander tyd uitloop op verval. Dis altyd so: geen mens of gemeenskap kan enige deel van sy lewe onttrek aan die Woord sonder dat sy hele lewe uiteindelik daaronder ten gronde gaan.

Daar teenoor staan egter baie sterker die heerlike wete dat waar ons in gehoorsaamheid aan Gods Woord ons buig en ons onstaat buig, waar ons Christus en sy ryk bo alles stel en seek, daar word die Woord in die volste sin Verlossende Woord, Vermuwende Woord!

Deurgatrek na die Praktyk.

Wat het dit nou alles te doen met die situasie waarin ons almal ons vandag bevind? As ek in die lig van ons teks daarop moet antwoord sou ek sê: God is besig met ~~die~~ kerk in Suid-Afrika soos nog nooit wantevore. Daarvan getuig onder andere die talte berigte oor kerklike aangeleenthede in ons nuusblaaie elke dag. Maar dit geld nie net die Afrikaanse kerke nie - dit geld ewe-vaar die kerk van Christus onder Engelstaliges, onder blank sowel as nie-blank. Sommige onder ons hou nie daarvan nie - hulle beweer dat dit onrus verwek en verwarring veroorsaak. Sommige wyt dit aan die optrede en uitsprake van sommige kerke of leiers. Dis seker waar dat deur die optrede van mense situasies geskep word waardeur die kerk en die Christendom in die gedwang kom by die wêreld. Maar dit nie die volle waarheid nie - want agter kerke se besluite en leraars se beslissings staan God. Dis Hy wat omstandighede skep, wat onrus bewerk of toelaat, wat verwarring gebruik om sy kerk, sy knechte, sy kinders weer terug te bring tot volle gehoorsaamheid aan sy Woord. Dis Hy wat tot ons kom met sy Woord wat brand soos vuur en wat breek soos 'n hamerslag om ons terug te bring na die grondslae van ons geloof, na die bron van alle lig en lewe - sy Woord. En as ek sê sy Woord, dan bedoel ek eerstens daarnec sy lewende Woord, Jesus Christus.

Daarnee is God vandag besig - omdat Hy sy kerk liefhet, te liefhet om toe te laat dat dit in vrees bly swyg, dat dit in vroom aanbidding alleen bly getuig, dat dit in tweedrag bly twis, dat dit in vormlikheid bly vas-steek!

En daarom moet ons dankbaar wees, moet ons nie kwaad word of opstandig raak teenoor God nie, maar moet ons dit eerder sien as die hand van God wat besig is met die vernuwing van sy kerk! En dat Hy elkeen op sy eie besondere manier roep en stuur en plaas soos Hy dit die beste ag - soms langs ~~ons~~ vir ons onverstaanbare en ongewone weë. *Buitengewone tye bring van God ongewone handelinge!*

Dis kan nie anders as om 'n mens op te val dat daar byna nie 'n enkele terrein van die mens se lewe is waar die kerk vandag nie betrek word nie: Sondagsviering, die huwelik en gesinslewe, die arbeid en tegniek, siekte, gebed en genesing, rasverhoudinge, die bedreiging van die atoom-

bom, die roeping van kerk teenoor staat, die vraag van morele waardes - oral betrek God sy kerk in die stryd. Juis daarom is dit so belangrik dat die kerk van Christus sal sien waarmee God in werklikheid besig is en wat Hy van elke Christusbelyer verwag: om weer erns te gaan maak met die Woord, te gaan worstel met die Woord sodat dit <sup>met</sup> die onfeilbare rigsaan word vir ons hele denke en lewe, vir ons hele bestaan! Sodat Gods Woord weer pri-mer word - en alle ander dinge sekondêr, dat Gods Woord weer sy vrye loop mag neem, en ons ons deur die Woord laat meemem!

Waar dit gebeur sal Gods Woord ons lei na Gods Gees, sal Gods Gees ons dring tot gebed, sal die gebed ons bring tot gemeenskap en die gemeenskap tot getuienis. Dan word die kerk weer die Woord wat uitbeweg na die wereld! Vuurvlam en voorhamerhou!

*ons  
niet langs  
tot*

As Gods Woord egter nie die vuur word wat vernuwe nie, gaan ander vure ons verteer; as Gods Woord nie die hamer word wat rotse vermorsel nie, gaan ander hamers ons vernietig! Hoer dit, o volk van die Here!

#### My Bediening onder U.

En nou sluit ek vammore met hierdie boodskap my bediening onder u af - so anders as wat enigeen van ons dit verwag of kon dink het. Wat voorle weet niemand nie - maar dis ook nie die saak van grootste belang nie. Wat van belang is is die feit dat ek steeds onder u gestaan en die boodskap van die Here gebring het as bedienaar van die Woord. En al sou u alle dinge ander dinge van my lewe en diens vergeet en u sou net onthou dat vir die eerste vier jaar van die lewe van die gemeente die Here u iemand gestuur het wat temidde van baie menslike swalhede u gedurig probeer oproep en bind het in gehoorsaamheid aan Gods Woord - dan was my arbeid onder u nie te-vergeefs gewees nie.

Ook in die nuwe werk waartoe die Here my roep wil ek nikks meer, maar ook nikks minder as om Christene van die verskillende kerke op te roep en in die naam van God uit te daag om meer erns te mask <sup>met</sup> die Woord, om meer doelbewus en oorgegroe die vrae van ons lewes en die situasies van ons tyd te gaan bedink, bespreek en beslis in die lig van die Woord.

Wat u oockal van dié step mag dink is nie van oorwegende belang nie - wat van beslissende belang is, is dat u weet dat God u toeroep - ook deur die gebeure van die afgelope tyd: Laat u bestneem deur Christus, die Lewende Woord, laat u denke en oordele <sup>bonafide</sup> bepaal word deur Hom, die Woord, laat u lewe ten volle beheers word deur Hom, die Woord, laat die kerk, u volk en u land se toekoms beslis word deur Hom, die enigste lewende Woord.

En as u onseker is, as u twyfel, moenie wegdraai nie, maar gryp Hom vas, worstel met Hom, die lewende Woord, soos Jakob vanouds gewoonstaal het met God-en eis van Hom dia "ek sal U nie laat gaan tensy dat U my seen". Wie dit doen sal ontdek wat elke mens en elke gemeenskap moet ontdek;

<sup>opwaarder, opwaarder, wie as te koms</sup>  
⑧ Die antwoord, die lig, die hoop lê in volle gehoorsaamheid aan Hom as lewende Woord - en in Hom alleen!

⑨ Die antwoord op ons vrae, die lig op ons gesenuerd, die hoop vir ons toekoms lê in volle gehoorsaamheid aan <sup>Amen.</sup> Hem as lewende Woord - en in Hem alleen!